
# STEFANS GROVé
## *Ontmoet die komponis*



Grové is vanuit 'n musiekfamilie in Betlehem gebore. Sy moeder, sy twee Roode-ooms sowel as sy suster, Makkie, was almal beroepsmusici.

In 1932 het die gesin na Bloemfontein, waar sy vader 'n onderwyspos beklee het, verhuis. Sy oom, Dawid Roode, het saam getrek om die Vrystaatse Musiekskool te stig.

Grové het aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer en onder sy oom se leiding al die UNISA musiekeksamens geslaag - insluitend Voordrag- en Onderwyslisensiate in klavier en Voordrag in orrel.

Hy het in sy negende jaar begin komponeer en in 1954 word hy musiekstudent aan die Musiekkollege van die Universiteit van Kaapstad, waar hy onder William Bell en Erik Chisholm gestudeer het.

Tydens sy na-studiejare is sy Elegie vir strykers in Washington en sy *Drei Inventionen* vir klavier tydens die ISCM-fees in Salzburg uitgevoer.

In 1953 word hy die eerste Suid-Afrikaner aan wie 'n *Fulbright*-studiebeurs vir nagraadse studie in die VSA toegeken is. Hy word 'n student in musiekwetenskap en komposisie en studeer onder meer onder Thurston Dart en Walter Piston.

In 1955 word 'n stipendium aan hom toegeken om lid te word van Aaron Copland se komposisieklas by die Tanglewood Somerskool. Terselfdertyd neem hy ook fluitlesse by James Papputsakis van die Bostonse Simfonie-orkes.

Na sy Harvard-studies neem hy 'n jaar lank as dosent waar aan die *Bard College* (New York) en in 1956 word hy aangestel as dosent in komposisie en teoretiese vakke aan die Peabody-konservatorium in Baltimore – die oudste musiekskool in die VSA.

Sy *Partita vir orkes* word in 1964 in Brussels uitgevoer en sy *Simfonie 1962* in 1966 deur Max Rudolph en die Cincinnati-orkes. In dieselfde jaar voer Gabriel Banat sy *Vioolkonsert* met die Baltimore Simfonie-orkes uit.

In 1972 besluit hy om terug te keer na Suid-Afrika en word hy aangestel as dosent in die Musiekdepartement van die Universiteit van Pretoria. Ná sy amptelike aftrede word hy aangestel as buitengewone professor en van 2003 tot 2010 is hy benoem as hierdie universiteit se inwonende komponis.

In 1984 het Grové sy Eurosentriese styl prysgegee ter wille van 'n Afrosentriese idioom.

Hy het Jeane Cocteau se motto: *"hoe meer 'n digter uit sy eie stamboom sing, des te egter sal sy lieder wees"*, aanvaar en ook die volgende bygevoeg: *"Ek ken die Afrika son wat warm op my musiek skyn. Ek ken die nagsugte en fluisteringe van die 'vuurmense' oor eeu-oue dinge in die skadu's van vervloë mane. Ek voel die hartklop van Afrika in hart en siel."*

In sy *Sonate op Afrika-motiewe* het hy vir die eerste keer elemente van tradisionele Afrikamusiek met Westerse vormdissipline verbind.

Hy beskou homself as 'n musiekhistorikus omdat die tradisionele impulse wat sy musiek deurdrenk, nie meer prakties beoefen word nie en omtrent nog slegs in Hugh Tracy se navorsingsopnames bestaan.

Die katalogus van sy werke word Musiek uit Afrika genoem en bestaan reeds uit 44 werke.

In 2010 het Liesbeth Kurpershoek Schlumberger sy eerste *Afrika Hymnus vir Konsertorrel* in die Chatres Katedraal in Frankryk uitgevoer.

In 2011 het die jong Italiaanse pianis, Silvia Belfiore, Grové se *Towermusiek* tydens 'n musiekfees in Italië vir die eerste keer uitgevoer. Die werk is aan haar opgedra. Sy het haar baie daarvoor beywer om sy klavierwerke in Europa, sowel as Noord– en Suid-Amerika bekend te stel.

Sy *Drie Meditasies vir Kamerorkes* is in 2011 deur die *Bieler Philharmoniker* (Switzerland) uitgevoer, terwyl sy *Nonyana, die seremoniële Danser* in in Junie 2012 in Hamburg uitgevoer is in die reeks *Klangreise des Ibn Battuta*.

Grové se *Seelenvogel* is deur die *Meiniger Ensemble* op CD opgeneem vir wêreldwye verspreiding. Sy musiek word in Duitsland uitgegee deur *Hofmeisewr Verlag* in Leipzig en *Verlag Neue Musik* in Berlyn en ook dikwels daar uitgevoer.

Grové belewe tans 'n kreatiewe opwelling. Einde Januarie 2012 het hy sy toondig *Gestaltes in die Newel* vir die Kaapstadse Filharmoniese Orkes voltooi. Sy *Jaargetye* vir Ben Schoeman is in April afgesluit en die *Klavierkwintet* in Junie. Hy werk tans aan 'n konsert vir altviool en orkes vir Jeanne-Louise Moolman.

Onlangs het die Raad van die Noordwes-Universiteit besluit om die Kanseliersmedalje aan hom toe te ken vir sy innovering van Suid-Afrikaanse Kunsmusiek.

# PROGRAM | PROGRAMME

## 10 Aug | Odeion | 18:00

Pre-concert talk by the composer | Voorkonsertpraatjie deur die komponis

## 10 Aug | Odeion | 19:30

Concert I | Konsert I

***Tweespalt*** **en** ***Sanguinies*** **uit** ***Klavierstukke*** **(1975)**

Tweespalt: Hierdie stuk - vir die linkerhand alleen - is gegrond op 'n kortverhaal van my: "'n skisofreniese geval" en bestaan uit twee teenstrydige elemente.

*Sanguinies*: Die titel beteken warmbloedigheid en as sulks is dit vergestalt.

Hierdie twee stukke vorm deel van vier, wat in 1975 vir KRUIK se aand van my musiek in 1976 gekomponeer is. Die titel van daardie aanbieding was: Die Komponis aan die Woord.

Programnotas deur Stefans Grové

***Nonyana, the ceremonial dancer*** **(1994)**

This work was premièred in 1995 and dedicated to Vladimir Viardo. The composer notes describe the Nonyana (literally 'bird') as an energetic figure dressed in a cloak of blackened bark-fibre and a scarlet-bean head-dress topped with ostrich feathers. The curious creature thus portayed is central to the mystery of the highly secret *domba* – the dancing ceremony of the Venda circumcision school for girls – and uses a reed pipe as a voice-modifier to amplify the sounds of its cries. The unforgettable 'Python Dance' is the main feature of this school, with its sinuous line of maidens writhing to the insinuating, urgent beat of the *domba* drums. The dance is demanding and by the end of the three-month initiation period the girls are shapely and amazingly uniform in physique. At night the scene is lit by the red heart and leaping dark shadows of the sacred fire around which the 'Python' winds its seemingly endless circular way.

This piece attempts to evoke the Nonyana's role in the ritual described above. It involves a great variety of mimetic movements, some of them carried out slowly and mysteriously in a crouching position (depicted, for example in the 'invocation' at the start of the piece), others requiting various stages of bodily extension culminating in vigorous leaps with arms and legs flung wide and 'whiplash' jerking of the head.

*Programme notes extracted from "A Composer in Africa"*
*– Stephanus Muller & Chris Walton*

***Images from Africa*** **(1999)**

This work should be viewed as an exhibition of tone paintings each of which attempts to portray an aspect of life in Africa.

1. *Morning Music*
   By means of the delicate texture of this opening piece the composer attempts to depict the freshness of the early morning in unspoiled nature.

2. *Twilight Music*
   The silhouette of a lone man playing his musical bow is seen against the sky after sunset. He does not sing to this delicate accompaniment but the sun dwells in his memory.

3. *Invocation of the Water Spirits*
   The ancient peoples viewed a river as a place harbouring creatures such as the water snake and water spirits – good and evil. In this narrative piece they are portrayed evoking those by magical formulas and strange ceremonies.

4. *Lamenting Birds*
   This piece depicts captured wild birds confined to a restrictive cage. No calls are heard, but their sadness and longing for their lost freedom is felt intensely. The constant repetition of the same chord in the right hand throughout the piece symbolises the confinement to this cage,

5. *Yemoja, Queen of the Waters*
   Queen who lives in water's depths
   Yemoja smoothes bush into path surfaces
   Yemoja waits seated, even in a king's presence
   She rises when tornado enters the country
   Dissatisfied, she raptures bridges
   Deep swelling queen of the world she heals like medicine,
   Old woman of the sea
   Flute girl who plays for the king's awakening
   She does not wish to respond on land
   But on the surface of the water she speaks rapidly

This praise of the great mother of the waters was collected from her "home town", Abeokuta (Nigeria). The Gelede masquerades for her as mother of witches.

The composer has tried to capture the contrast between tenderness and brutality by a variety of pianistic devices.

Programme notes by Stefans Grové

***Dance Song for the Nyau Dance* (2003)**

*Dance Song for the Nyau Dance*, composed in 2003, saw its first performance in January 2004 at the 2004 UNISA International Piano Competition for which it was also commissioned.

The composer indicates that this nocturnal dance is usually performed on bright moonlit nights by a group of young men wearing masks in the shape of an antelope, an elephant and a lion. Some of the dancers walk on stilts. The dance is based on the song: '*Kalulu nkulo wa bwalo'* in Nyasaland *('Rabbit is the chief of the court of animals'*). Women are only allowed to observe this ceremony at a distance. The individual characteristics of the abovementioned animals are interwoven in the texture of this continuous piece, except in the section bars 32 – 40 which portrays the graceful movements of an antelope.

The composer further indicates that the piece must be performed with rhythmic exactness and energy. Semiquavers should be equal throughout, while the pedal may only be used where indicated.

*Programme notes extracted from "A Composer in Africa" – Stephanus Muller & Chris Walton*

Ben Schoeman (piano)

**POUSE / INTERVAL**

***Five Songs on texts by Ingrid Jonker***
***Lied van die lappop 'Ek is die lappop wat nie praat'***
***Windliedjie: 'Waar slaap my liefde vannag?'***
***Puberteit: 'Die kind in my het stil gesterf'***
***Ek het gedink…***
***Ontnugtering: 'Laat hul spot'***

*Five Songs on texts by Ingrid Jonker* was composed in 1982. Soprano Hanna van Niekerk together with pianist Heinrich van der Mescht gave its first performance in September 1982 in the Musaion (University of Pretoria). In a review by Jacques P. Malan in the Rapport (19 September 1982) he wrote: *"…our song art comes close to the standards of Schubert's Doppelgänger or Hugo Wolf's Auf einem alten Bild. This remark is expecially applicable to Stefans Grové's five Jonker songs, for me the highlight of the evening… This is a cycle to listen to again and again and, if a recording becomes available, to live with. It was a wonderful gradual realization to see how the Afrikaans song became a daybreak colouring the mountain peaks!"*

*Programme notes extracted from "A Composer in Africa" – Stephanus Muller & Chris Walton*

*Matildie Thom Wium (mezzo soprano), Lesley-Ann Mathews (piano)*

***Pan en die Nagtegaal***

In 1981 het UNISA se musiekeksamendirektoraat my gevra on 'n reeks gegradueerde stukke vir blaasinstrumente en klavier vir hul leerplanne te komponeer.

*Pan en die Nagtegaal* vir solofluit was een van daardie stukke wat sedertdien wye aanklank by 'n verskeidenheid van fluitiste gevind het.

Dit beweeg op twee vlakke: die meer statiese een van Pan teenor die groter beweeglikheid van die nagtegaal se geroep.

Programnotas deur Stefans Grové

*Helen Vosloo (fluit)*

***Soulbird***
***Tableau 1. The invocation***
***Tableau 2. Embodiment of body and soul***
***Tableau 3. Dream songs at midnight***
***Tableau 4. Flight of Ecstasy***

*Sielvoël* was composed on 18 March 1998 and premièred on 23 July 1998 in the Musaion (University of Pretoria) with the Hemanay Trio (Helen Vosloo – flute, Marian Lewin – violoncello and Malcolm Nay – piano) to whom it was also dedicated.

The composer indicates that in many cultures, from ancient Egyptian to the present, the soul is considered to take the shape of a bird. It is also believed that, after death, the soul is turned into a songbird. The four Tableaux depict the initial invocation of the waiting soulbird and the eventual unification of body and soul. Tableau 3 recalls dream songs at midnight and Tableau 4 a flight of ecstasy from the sleeping body.

*Programme notes extracted from "A Composer in Africa" – Stephanus Muller & Chris Walton*

*Lesley-Ann Mathews (piano), Helen Vosloo (flute), Anmari van der Westhuizen (violoncello)*

**All sheet music of this concert is available from the SAMRO FOUNDATION**
**anriette.chorn@samro.org.za**

## 11 Aug | Odeion | 9:00 – 13:00
Seminaar / Seminar

Seminar on the music of Stefans Grové, presented by the Documentation Centre for Music, Stellenbosch, including a lecture demonstration by Ben Schoeman, and papers by Hannes Taljaard, Gregory Barz (via video) and Izak Grové.

## 11 Aug | Odeion | 18:00
Pre-concert conversation: Ben Schoeman and Stefans Grové
Voorkonsertgesprek: Ben Schoeman en Stefans Grové

## 11 Aug | Odeion | 19:30
Konsert II | Concert II

1. **Oorhandiging van Oorkonde van Gelukwense**
   **Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK)**

- Oorhandiging deur prof. Hennie van Coller
(amptelike verteenwoordiger van die SAAWK)

2. **Oorhandiging van Toekenning vir Buitengewone Kultuurprestasie**
   **FAK**

- Oorhandiging deur dr. Danie Langer
(Hoof Uitvoerende Beampte)

**- Program / Programme -**

***Afrika Hymnus II***
***Dubbelbeeld: Dansende vroue met tromslaners en handklappers***
***Afrika Madonna***
***Vuka! Spring aan die werk!***
***Voor my kamervenster die wye, ewige nag***
***Die lofsanger***

Na die voltooiing van my eerste *Afrika Hymnus*, het ek die behoefte gevoel om nog 'n werk - en 'n omvangryker een - vir die orrel te skryf. Soos ook in my klavierkwintet, het ek in hierdie tweede Hymnus heelwat van die dele vooraf in drome gehoor, wat die komponeerproses heelwat vergemaklik het. Die eerste deel bestaan uit wisselende kaleidoskopiese kleurespel, terwyl die tweede deel geïnspireer is deur Ernest Mancoba se houtsneewerk van 1929.

Deel 3 vergestalt 'n ongeduldige hoofman wat swets op sy lui onderdane.

Deel 4 is nagmusiek wat 'n eindelose uitgestrekte nagtoneel skets.
Deel 5 stel 'n lofsanger aan die woord wat sy opperhoof se deugde luid besing met meegaande wye boksprونge en armgeswaai.

Die werk is aan Gerrit Jordaan opgedra, en in verskeie lande reeds uitgevoer.

Programnotas deur Stefans Grové

*Gerrit Jordaan (orrel)*

***My Jaargetye*** **(2011-2012)**
*première*

***I Op 'n herfsdag***
***II 'n Wandeling in 'n wit, koue landskap***
***III Eerste lentereën en die ontwaking van jong kleure***
***IV Someroorvloed***

Ek het besluit om 'n huldigingswerk vir Ben Schoeman te skryf as dankbetuiging vir sy fantastiese pianistiese talent. Nadat ek daarmee begin het, het 'n opdrag van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes my bereik om 'n toondig te komponeer. Vir eers moes ek die Schoeman-werk opsy skuif om die toondig te voltooi wat toe in Januarie gebeur het.

Daar bestaan reeds soveel jaargety-werke dat ek besluit het om myne van 'n persoonlike kleur te voorsien. Herfsdag besit bruin kleure. In my wandeling deur 'n koue wit landskap, moes ek terugdink aan my kinderjare in die bitter koue van Betlehem wat byna altyd wit van die ryp was.

Die reënbui, wat lente inlui, is sag en deurdringend terwyl die lentekleure subtiel beskryf word.

Someroorvloed is warm en oorweldigend

Programnotas deur Stefans Grové

*Ben Schoeman (klavier)*

**POUSE / INTERVAL**

***Gesprekvoering vir klavier en orrel*** **(2006)**
**Dialoog – Eerste kennismaking**
**Monoloog – Orrelsolo (fantasie)**
**Dialoog – Gedagtes en drome wat in die duisternis swewe**
**Monoloog – Klaviersolo (tokkate)**
**Dialoog – Herinneringe**

Toe 'n kollega voorstel dat ek 'n duo vir klavier en orrel komponeer, het ek aanvanklik gedink dat hierdie verbintenis nooit sou werk nie, maar ek het besluit dat die orrelparty - as 'n deursigtige element - so 'n kombinasie sou kon laat slaag.

Die derde deel se donker kleur is geïnspireer deur Anton Chekov se kortverhaal: Paasoggend wat in die duisternis begin.

Die werk is in 2007 vir die eerste keer deur Tinus Botha en Gerrit Jordaan tydens een van my Toonuitstallingskonserte by UNISA uitgevoer, en aan hulle opgedra.

Programnotas deur Stefans Grové

*Tinus Botha (klavier), Gerrit Jordaan (orrel)*

***Klavierkwintet - A Venda Legend* (2012)**
***première***

According to Venda legends a giant python (god of fertility) lives in the depths of a dark mysterious pool. Maidens were sacrificed to the python to ensure good rains and crops.

1. **The dark and mysterious pool**
2. **Three maidens bewail the sad lot awaiting them**
3. **The terrible sacrifice**
4. **A lone survivor surfaces from the waters grateful to be alive but still trembling with fear**

In hierdie werk het ek getrag om die gebeure so raak moontlik te beskrywe. Dit is opgedra aan Jeanne-Louise Moolman.

Programnotas deur Stefans Grové

Sharon de Kock (viool)
Lizanne Dippenaar (viool)
Jeanne-Louise Moolman (altviool)
Anmari van der Westhuizen (tjello)
Ben Schoeman (klavier)

**All sheet music of this concert is available from the SAMRO FOUNDATION**
**anriette.chorn@samro.org.za**

## 12 Aug | Odeion | 16:00

Concert III | Konsert III

1. **Oorhandiging van Oorkonde van Erkenning van Hoërskool Sentraal aan prof. Grové vir sy grootse skeppingswerk as internasionaal-erkende komponis (Hoërskool Sentraal alumnus)**

- Oorhandiging deur mnr. Vorster (skoolhoof Hoërskool Sentraal)

### - Program / Programme -

***Elegie vir Strykers* (1996)**

Die *Elegie vir Strykers* is een van Stefans Grové se jeugwerke - gekomponeer toe hy 26 jaar oud was. Dit is geïnspireer deur die treurlied vir Koki in N. P. van Wyk Louw se epiese gedig, *Raka.* Grové het *Raka* die eerste keer as kind leer ken deur 'n gedramatiseerde weergawe wat oor die radio uitgesaai is. As student het hy Van Wyk Louw ontmoet en hom voorgeneem om 'n komposisie op die epiese gedig te baseer. Die *Elegie vir Strykers* is dus 'n tipe konseptuele voorloper vir die grootskaalse klavierkonsert, *Raka,* wat Grové in 1996 (byna 'n halfeeu later) sou komponeer. Volgens musikoloog, Izak Grové, vertoon die werk impressionistiese en nieu-Barokkenmerke asook die invloed van Hindemith en Bartók.

Die werk word gekenmerk deur materiaal met 'n sterk melodiese karakter wat waarskynlik die gesonge lied self voorstel. Hierdie materiaal word uitgeruil tussen verskillende strykerpartye, terwyl die ander partye dit begelei met *tremolando* of herhaalde akkoorde. Die vorm bou op na twee klimakse waar die melodie met groot klankintensiteit in 'n hoë omvang gestel word. Die epiloog het 'n treffende tekstuur waarin tjelli en viole dieselfde melodie vier oktawe uitmekaar speel.

Die resensent, Pieter Kooij, het die emosionele impak van die werk soos volg verwoord: "Die somber weeklag met sy rou, maar meestal gedempte wroeging, verskyn in die lae strykers en kontrasteer treffend met die skrynende herhalings van die hoë vioolnote. Die atmosfeer word aangrypend geskep, maar daar is amper deurentyd 'n roerende gedemptheid wat ekstra sprekend is."

© Matildie Thom Wium

*OSM Camerata*

***Musa 'n klein Danslegende* (Gottfried Keller) (2006)**
***Suid-Afrikaanse première***

Hierdie werk is gekomponeer in opdrag van die *Meiniger Ensemble* in Duitsland en vir die eerste keer uitgevoer in 'n ou kasteel aan die Bodensee in die suide van Duitsland.

Dit handel oor 'n jong meisie wat so graag gedans het dat hierdie behoefte haar lewe en wese deurdrenk het. Toe sy koning Dawid ontmoet, het hy haar hieroor betig en gesê dat dit haar sieleheil bedreig en dat sy dit moet laat vaar - wat sy toe gedoen het, en as

gevolg daarvan weggekwyn het. Maar toe sy sterwe, kon sy in die hemel weer na hartelus dans.

Programnotas in Afrikaans vertaal deur Stefans Grové

*Helen Vosloo (fluit), Jeanne-Louise Moolman (altviool), Anmari van der Westhuizen (tjello), Piet Moolman (klavier), Marli van der Bijl (verteller)*

***Sonate vir altviool en klavier* (1994)**
***Dans van die Jeug***
***Maanskynmusiek***
***Vergadering van die Oudstes***

Met die *Dans van die Jeug, Maanskynmusiek*, en *Vergadering van die Oudstes* beweeg die *Altvioolsonate* op 'n soortgelyke evokasie-vlak as die *Hymnus*. Die relatief dun, essensieel kontrapuntale tekstuur in die klavierparty verleen effektiewe ondersteuning aan die donker klankkleur van die altviool. Die volle ontginning van die instrument se tegniese moontlikhede – waarby nou ook suggesties van die musiekboog gevoeg kan word – is ook in ruim mate op die komponis se eie speelkennis van dié instrument gebaseer.

Die klaende, diatoniese melodie van die tweede deel word treffend gekontrasteer met 'n gedempte tamboer-ostinaat.

Na die dramatise aanvangsakkoorde volg die eerste van etlike tokkate-idees wat die Presto-finale kenmerk.

© Izak Grové

*Jeanne-Louise Moolman (viool), Piet Moolman (klavier)*

**All sheet music of this concert is available from the SAMRO FOUNDATION**
**anriette.chorn@samro.org.za**

## Ontmoet die Kunstenaars

### TINUS BOTHA



Tinus Botha ontvang sy voorgraadse musiekopleiding aan die Universiteit van Pretoria onder leiding van prof. Joseph Stanford. Hy ontvang gedurende hierdie tyd verskeie beurse en pryse, onder andere UNISA se Suid Afrikaanse Musiekstudiebeurs en die DJ Roode oorsese beurs wat hom in staat stel om sy studies in die VSA voort te sit. Hy verwerf in 2003 'n MMus-graad van Texas Christian University in Fort Worth onder die mentorskap van José Feghali en Harold Martina. In 2008 word sy formele studies afgesluit met die toekenning van 'n DMus-graad deur die Universiteit van Pretoria.

Tinus is aktief as solis, begeleier, kamermusikus en beoordelaar, en is ook as musiekeksaminator vir UNISA werksaam. Hy sluit in Januarie 2012 as senior lektor by die Noordwes-Universiteit se Skool vir Musiek aan.

### SHARON DE KOCK



Violinist Sharon de Kock has been a member of the Odeion String Quartet and lecturer in violin at the Odeion School of Music (UFS) since 2008. After studying with Jürgen Schwietering and Gina Beukes (both Juilliard alumni), she left South Africa to study in the USA at the age of 17. She is a BMus (magna cum laude) and MMus graduate of the University of Cincinnati, where she received many awards and prizes. She studied under the well-known concert violinists Chee-Yun Kim, Kurt Sassmannshaus and Piotr Milewski, all also Juilliard alumni. From 1999 to 2001 she was a first violinist in the National Symphony Orchestra in Costa Rica. She has performed as soloist and orchestral player with orchestras in Peru, Guatemala, Mexico and Spain, as well as the Kentucky Symphony, Richmond Symphony and Dayton Symphony Orchestras in the USA. From 2004 to 2006 she was a violin lecturer at two universities and a conservatoire in Puebla (Mexico). Sharon also participated in the Aspen and Grandin festivals in the USA, the Lucca festival in Italy and others in Japan, Scotland and Portugal. She returned to South Africa in 2007 and performs regularly as soloist and chamber musician. She is the primary instructor of the Junior Odeion String Quartet, established in 2009.

### LIZANNE DIPPENAAR



Lizanne is in 1988 in Bloemfontein gebore. Sy ontvang vioolonderrig by Richard Reid en vanaf 2008 by Denise Sutton. Sy het verskeie kere die "Exhibition Award" van Trinity College of London ontvang.

Lizanne is lid van die Vrystaatse Simfonie-orkes (FSSO), asook van die Kamerorkes van Suid-Afrika (COSA). Vanaf 2003 is sy 'n gereelde lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugorkes (SANYO) waar sy in 2009 en 2010 as leier van

die orkes opgetree het. In 2009 was sy ook onderleier van die Feeskonsertorkes by die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees. In 2011 slaag sy die nagraadse vioolmodule in uitvoerende kuns met lof by die Odeion Skool vir Musiek. Sy het pas teruggekeer van die MIAGI Jeugorkes se oorsese toer na Oostenryk en Duitsland waar sy solopartye in die simfoniese suite *Out of South Africa*, met orkes gespeel het.

**GERRIT JORDAAN**



Gerrit Jordaan is 'n postdoktorale genoot aan die Skool vir Musiek van die Noordwes-Universiteit. Hy behaal in 2007 'n DMus in uitvoerende kuns aan dieselfde universiteit onder leiding van Daleen Kruger. Aan die Universiteit van Pretoria studeer hy onder leiding van Stephans Zondagh en Wim Viljoen. In Italië en Nederland het hy verskeie kursusse in historiese uitvoeringspraktyk gevolg. Hy beywer hom vir Suid-Afrikaanse orrelmusiek en 'n aantal werke is al aan hom opgedra waaronder Stefans Grové se *Afrika Hymnus II.* Op die CD *Afrika Hymnus* (Claremont) speel hy die titelsnit. Jordaan is werksaam as navorser, konsertorrelis, begeleier, komponis en dosent. Sy fagotstukke, *Slaaptydmusiek,* is voorgeskryf vir UNISA se musiekeksamens. Hy is ook redakteur van verskeie orrelpublikasies wat die orrelmusiek van Chris Lamprecht, John Coulter en Stefans Grové insluit asook SAKOV se Erediensmusiekbundels Volume 1 en 2. As kerkmusikus was hy betrokke by verskeie gemeentes waaronder die Anglikaanse Kerkskool St. John's College (Johannesburg), die Nederlandse NG gemeente Petra (Pretoria), die Hervormde gemeente Wapadrand en die NG Moedergemeente (Potchefstroom). Hy was ook musiekleier van die Kemptonparkse musiekkring en die Potchefstroom Taizé-ensemble. Hy is ook lid van die VONKK-komitee.

As konsertorrelis speel hy regoor die land asook in verskeie Europese stede. Later vanjaar toer hy na Nederland en beplan om konserte te gee in Purmerend, Ijsselstein en Eindhoven. Sy uitvoering in die Katholiek St. Bavo in Haarlem (2000) is herhaaldelik uitgesaai op die Nederlandse sender, *Omroep*. 'n Artikel uit sy pen wat handel oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek het in vanjaar se Julie-uitgawe van die Nederlandse tydskrif, *Het Orgel,* verskyn.

**LESLEY-ANN MATHEWS**



Lesley-Ann Mathews het vanaf vyfjarige ouderdom klavieronderrig ontvang. Nadat sy gematrikuleer het aan Potchefstoom Gimnasium het sy 'n BMus uitvoerend (cum laude) aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerf. Hier ontvang sy meesterklasse van onder andere Thomas Hecht, Caroline Oltmans en Joseph Banowitz. Sy tree op as repitituer vir opera produksies en beywer haar as begeleier vir die studente van Werner Nel. Verskeie pryse en beurse is aan haar toegeken tydens haar studie.

In 2005 verhuis sy na Bloemfontein om 'n MMus in kamermusiek onder leiding van Albie van Schalkwyk te voltooi. In 2006 het sy as lid van die Odeion Studente Trio 'n Somerskool in Surrey (Engeland) bygewoon, waar sy les van professor Clifford Benson ontvang het. Sy is in 2005 by die Universiteit van die Vrystaat as begeleier aangestel. Hier tree sy ook as begeleier en repitituer vir verskeie produksies en feeste op. Sy het as solis saam met die National Chamber Orchestra asook die Odeion Sinfonia opgetree. Sy is tans besig met 'n DMus-graad aan die Noordwes-Universiteit.

**JEANNE-LOUISE MOOLMAN**



Jeanne-Louise Moolman is in 2008 as altviolis van die Odeion Strykkwartet en senior lektor by die Odeion Skool vir Musiek aan die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Sy het aan die Universiteit van Pretoria onder prof. Alan Solomon (waar sy die BMus- en BMusHons-grade met onderskeiding behaal het) studeer. Hierna het sy in Salzburg onder Thomas Riebl studeer. As student het sy onder andere die ATKV Forté- en Oude Meester-kompetisies gewen en in 1985 was sy die eerste wenner van die Universiteit van Natal se 75ste Herdenkingsprys.

Sy is 'n ervare musikus wat gereeld saam met van ons land se voorste musici in verskillende kamermusiekkombinasies optree. Jeanne-Louise was een van die stigterslede van die Rosamunde Strykkwartet wat vir meer as tien jaar een van die toonaangewende strykkwartette in die land was. Ander musici saam met wie sy al gewerk het, sluit die violiste Gérard Korsten, Philippe Graffin en Jürgen Schwiettering, pianiste Leslie Howard en Albie van Schalkwyk, fluitspeler Helen Vosloo en klarinetspeler Robert Pickup in.

Jeanne-Louise het al talle solo-uitvoerings in Suid-Afrika (onder andere in Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein, Kroonstad en Potchefstroom) en in Zimbabwe (Harare en Bulawayo) gelewer. As solis het sy saam met verskeie orkeste in die land, waaronder die KZNPO (Durban), Kamerorkes van Suid-Afrika (Pretoria), *NAPOP* (Pretoria) en die Vrystaatse Simfonie-orkes (Bloemfontein) opgetree.

Die bekende Suid-Afrikaanse komponis, Stefans Grové, het in 1994 sy *Sonate vir altviool en klavier* aan Jeanne-Louise en haar eggenoot, Piet Moolman, opgedra. In 2008 lewer sy en Helen Vosloo die wêreldpremière van Grové se Concerto *vir fluit en altviool* saam met die Kamerorkes van Suid-Afrika, waarna sy genooi word om die werk by die Internasionale Altvioolkongres in Stellenbosch uit te voer. Vroeër vanjaar is sy genooi om by die Internasionale Altvioolkongres in Rochester, New York, op te tree. Tydens die geleentheid lewer sy die wêreldpremière van Matthijs van Dijk se *Altvioolsonate No. 2* "*Sukulala"*, wat spesiaal vir haar gekomponeer is.

Jeanne-Louise het meer as twintig jaar se ervaring as hoofaltviolis van verskeie professionele orkeste in Gauteng en die Vrystaat.

**PIET MOOLMAN**




Piet Moolman het aan die Universiteit van Pretoria studeer waar hy BMus- en BMusHons-grade in die Uitvoerende Kuns verwerf het. Hy studeer klavier onder Ella Fourie, Wessel van Wyk en Joseph Stanford en dirigeerkuns onder prof. Henri Arends. In 1991 voltooi hy 'n MMus-graad aan die UP. Tydens sy studentejare verower hy verskeie beurse en pryse, waaronder die SAMRO, Pretorium Trust en David Reunert musiekbeurse, en word hy genooi om aan die Tweede Internasionale Klavierkompetisie by UNISA deel te neem.

Hy en Jeanne-Louise Moolman het as studente aan die Universiteit van Pretoria begin om saam op te tree. Sedertdien het hulle talle uitvoerings in Pretoria, Bloemfontein, Johannesburg en op plattelandse plekke soos Magaliesburg en Kroonstad gelewer. In 2007 onderneem hulle 'n baie suksesvolle toer na Zimbabwe waar hulle in Harare en Bulawayo optree.

Stefans Grové het sy *Sonate vir altviool en klavier* aan die Moolman duo opgedra. Hulle première van die werk (in 1994) was deur die Pretoria News as een van die musikale hoogtepunte van die jaar beskryf. Die werk is later in opdrag van die Oude Meester Stigting op CD opgeneem.

**DAVID NKOSI**



David Nkosi completed his MMus (Music Education) at the University of Pretoria in 2008. In 2005 he conducted the JPO during the Young Artists Concerto Festival. In 2007 he received a CIMO scholarship to pursue a postgraduate diploma in orchestral conducting under the tutelage of Nikke Isomöttönen at the JAMK School of Music (Finland). During this study period abroad he was invited to guest conduct both the Jyväskylä University Orchestra and the Jamk String Orchestra. He was also selected to participate at the *7th* Jorma Panula International Conductors Master Class presented in Amsterdam (the Netherlands). In 2009 he also guest conducted the Free State Youth Orchestra in Bloemfontein. David was a finalist in the first Len van Zyl Conductors' competition in 2010 presented in collaboration with the Cape Philharmonic Orchestra. David is an active researcher and is currently enrolled at the University of Pretoria for a PhD in (African/Ethno) Musicology under the supervision of Prof. Caroline van Niekerk.

**BEN SCHOEMAN**



Ben Schoeman is regarded as one of South Africa's foremost pianists. He has won major prizes, including the first grand prize in the 11th UNISA International Piano Competition, Pretoria (2008), first prize and gold medal in the Royal Over-Seas League Music Competition, London (2009) and the Standard Bank Young Artist Award for Music (2011).

He has given solo, chamber music and concerto performances throughout Europe, Canada and South Africa in such prestigious concert halls as the Wigmore, Barbican, Cadogan and Queen Elizabeth Halls in London, the *Konzerthaus* in Berlin, the Gulbenkian Auditorium in Lisbon, the Cape Town City Hall and the Romanian Athenaeum in Bucharest.

Ben Schoeman obtained an MMus (*cum laude*) at the University of Pretoria, where he studied piano with Joseph Stanford. He also studied with Michel Dalberto, Louis Lortie and Boris Petrushansky at the Accademia Pianistica 'Incontri col Maestro' in Imola (Italy). He is currently pursuing doctoral studies at City University of London and the Guildhall School of Music & Drama, where his piano teacher is Ronan O'Hora.

His debut solo album, featuring works of Franz Liszt, was released in 2011 under the TwoPianists label. Ben Schoeman gratefully acknowledges the support from the National Research Foundation, the Wingate Scholarships, the Worshipful Company of Cordwainers and the Oppenheimer Memorial Trust.

"Magical music-making" – Classic FM Magazine (Mary Roerich)
"Exquisite Bach-playing" – Glasgow Herald (Michael Tumelty)
"Dazzling Virtuosity" – Pretoria News (Riek van Rensburg)
"Colourful splashes that captivate and thrill" – American Record Review (Alan Becker)
"Here is a pianist that engages directly with the soul of the music while communicating the sheer joy of music-making" – Cue Magazine, Grahamstown Arts Festival (Jeff Brukman)
"After the interval Schoeman was the exciting soloist with his strong and powerful sound quality in the enormous Concerto No 2 of Brahms. What I shall remember is Schoeman's wonderful playing in the slow movement. His beautiful tonal sound was an experience and the way in which he completed Brahms' long lines of double melodies that lie octaves apart, showed enormous musical insight and pianistic command. The concert season indeed ended on a worthy high point." - Review from Die Burger (Pieter Kooij)

**MATILDIE THOM WIUM**



Matildie Thom Wium is 'n musikoloog by die Odeion Skool vir Musiek, Universiteit van die Vrystaat. Sy het in 2003 die graad BMus (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal met klavier as hoofvak, en in 2006 voltooi sy 'n MMus (cum laude) in musikologie oor die laat-klaviermusiek van Arnold van Wyk. Tydens haar studies in Stellenbosch was Magdalena Oosthuizen haar sangdosent, en het sy die graad 8 eksamens van UNISA en Trinity College London met lof geslaag. Vir haar prestasie in die UNISA graad 8 eksamen in 2004 is sy na die

Suid-Afrikaanse musiekstudiebeurskompetisie genooi, waar sy 'n UNISA/SAMRO/Deon van der Walt beurs verower vir die beste Graad 8 sangkandidaat asook 'n Mimi Coertseprys vir die beste vertolking van 'n Suid-Afrikaanse kunslied.

Sedert sy in Bloemfontein woon, tree sy dikwels op as solis in konserte van die Odeion Skool vir Musiek; sy het veral 'n voorliefde vir Barok- en Twintigste-eeuse musiek. Sedert 2010 ontvang sy sangonderrig van Peet van Heerden. Matildie voltooi tans haar doktorsgraad onder leiding van Proff. Stephanus Muller (Stellenbosch) en Tim Jackson (North Texas) oor vier werke van Arnold van Wyk.

**MARLI VAN DER BIJL**



Marli van der Bijl is tans 'n honneursstudent aan die Universiteit van die Vrystaat se Departement Drama en Teaterkuns. Sy het haar graad BA Drama en Teaterkuns (cum laude) in 2011 voltooi. Sy ontvang vanaf haar eerste jaar die prys vir die hoogste akademiese prestasie in haar jaargroep en in 2011 ontvang sy die Elsa Krantz-Medalje vir beste vroulike artistieke prestasie by die Drama Departement. Marli is sedert 2009 op die verhoog te sien in studente- sowel as professionele produksies. Sy maak in 2009 haar eerste professionele verskyning in die musiekteaterproduksie, *Bevange*, by die Volksblad-Kunstefees in die rol van Martha Sykes. Sy neem tydens Vryfees 2011 oornag die rol van Liewe Heksie oor in *Die Kaskenades van Liewe Heksie,* nadat die aktrise in die titelrol noodgedwonge moes onttrek weens 'n spinnekopbyt. By 2012 se Vryfees is sy ook te sien in Bartho Smit se *Putsonderwater* as die hoofkarakter, Maria. Ander hoogtepunte sluit in PACOFS se *Snow White and the Seven Dwarfs* (2011) waar sy die rol van Dopey vertolk en FACTS se produksie van die Broadway musiekblyspel, *Hairspray*, vroeër vanjaar waar sy as Penny te sien was. Studenteproduksies by die Universiteit sluit in: *Die Portret, Pillars of Society, Doortjie se stert* en *Seven Guitars*, wat by die Grahamstadse Kunstefees in 2011 opgevoer is. Marli tree dikwels as solo-sangeres op. Sy is vanaf 2010 'n solis in die UV se jaarlikse Kovsie Extravaganza. Sy is tans in haar derde jaar van klassieke sangopleiding by die UV se Odeion Skool vir Musiek onder leiding van die tenoor, Petrus van Heerden. Sy was ook tydens *Dirk en die Republiek* se vertoning by die Vryfees 2012 agter die klawerbord te sien, waar sy ook agtergrondstem verskaf het en is deel van die trio, *i2m*, wat gaste by feeste en korporatiewe funksies vermaak.

**ANMARI VAN DER WESTHUIZEN**



Anmari van der Westhuizen was appointed in the quartet and as a senior lecturer in cello at the UFS, in 2008. She is one of the most sought-after cellists in South Africa, both as soloist and chamber musician. After graduating cum laude at Stellenbosch University, she studied at the Mozarteum in Salzburg under Heidi Litschauer and was awarded the *Grosses Konzertdiplom* with distinction. At the Hochschule für Musik in Cologne – working under Maria Kliegel - she received the *Konzertexamendiplom*. During her stay in Europe from 1988 to 1996 she appeared as soloist and chamber musician in such groups as the Koehne String Quartet in Vienna. She also performed at international festivals in Austria, Italy and Spain. As a young musician she was the winner at several national competitions such as the ATKV Forté, SABC and Oude Meester Competitions and in 1987 she was the winner of the University of Natal 75th Anniversary Prize. Anmari has made several CD recordings. In 2007 she was invited by the Austrian Composers Union as solo cellist. From 1999 until 2008 she was the conductor and director of the UCT String Ensemble. She was a founder member of the UCT Trio, the Collage Ensemble and I Grandi Violoncellisti. In Bloemfontein she is currently the conductor of the Odeion Sinfonia.

**HELEN VOSLOO**



Helen Vosloo is one of South Africa's leading classical musicians. Principal flute with the Johannesburg Philharmonic Orchestra (JPO) until recently, she appears regularly as soloist with the JPO, COSA, Johannesburg Festival Orchestra, JMI, and MIAGI.

She is a member of the acclaimed Trio Hemanay with Malcolm Nay and Marian Lewin, with whom she toured Europe and the USA. Their debut album was released to critical acclaim in 2007 to celebrate ten years of playing together and was nominated for a SAMA in 2008 in the category best instrumental album. Their second album was released recently.

Helen has been the recipient of some of South Africa's top music awards, which enabled her to make extensive study tours to Europe and the USA, where she has worked with prominent flautists amongst whom William Bennett in London and Peter Lukas Graf in Switzerland. In 2002 Helen was engaged as a member of Tapiola Sinfonietta in Finland, where she worked under conductors Paavo Berglund, Jukka Pekka Saraste and Olli Mustonen amongst others. While resident in Finland she performed at the Kuhmo Chamber Music Festival and Oulunsalo Festival, also giving master classes.

Helen champions work by South African composers and continues to have work dedicated to her. Hendrik Hofmeyr dedicated his much acclaimed *Flute Concerto* to Helen and the CD was released by Distell in 2002 with the National Symphony Orchestra conducted by Emanuel Siffert.

Since her return to South Africa from Finland, she has focused her teaching time on grassroots music education. Having been inspired by the art work of the Keiskamma Trust, she founded their Music Academy in Hamburg in the rural Eastern Cape in 2006. Helen's ventures into the cross- over genre has led to the unique sound idiom of the Keiskamma Music Academy.

*"Flautist Helen Vosloo's great talent as virtuoso is not concerned merely with the technique which she so brilliantly expounds, but what their musical possibilities can be..."*
Riek van Rensburg: Pretoria News

*"Mej Vosloo weet hoe om haar formidabele tegniek in diens van die musiek te stel."*
Stefans Grove: Beeld Kalender

**OSM CAMERATA**

Die OSM Camerata is in 2012 as vlagskip ensemble van die Odeion Skool vir Musiek gestig. Dit het voortgevloei uit 'n nuwe strategiese strewe na uitnemendheid, internasionalisering en innovering. Binne hierdie konteks word die ensemble aangewend om talente, hoë artistiese standaarde en professionele verantwoordelikhede van OSM-studente te vestig en te ontwikkel, asook om die publiek bloot te stel aan minder bekende komponiste en werke.

Die OSM Camerata se debuutuitvoering was vanjaar op 1 Maart tydens die 2012 OSM Openingskonsert met dirigent Nicholas Nikolaidis. Werke van Pergolesi, Rautavaara, Bartók, Jimi Hendrix en die Suid-Afrikaanse komponis, Stefans Grové is uitgevoer.

